Tema: Kies vriende wat saam met jou God se pad kan loop.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps. 111-2: 1, 2, 3, 4
Ps. 146-1: 1, 2, 8
Ps. 149-1: 1, 2

God en ons ontmoet mekaar Intreelied
Ps. 145-1: 1, 2, 3, 4
Votum (vers 5)
Seën
Loflied Ps. 122-2: 1, 2
Geloofsbelydenis Lees Sb 12-2: 1, 2, 3 en sing verse 4 en 5

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eksodus 20 (fokus op die kinders)
Sing Ps. 119-2: 1, 3, 8
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Psalm 1; Teks: Ps.1 uit die hoek van vers 1, 2 en 6
Sing Ps. 19-3: 3, 4; (kinders na Kleuterbediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Liefdegawe
Sing Ps. 1-2: 1, 3
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Liewe kinders en jongmense, brs en srs

Om ŉ goeie vriend of vriendin te hê is een van die wonderlikste dinge wat die Here vir ŉ mens kan gee. Daardie spesiale iemand wat jou verstaan, met wie jy kan praat en jou lewe kan deel. In die Bybel kry ons die mooi voorbeeld van Dawid en Jonatan wat wonderlike vriende vir mekaar was, wat lojaal aan mekaar was en in moeilike omstandighede mekaar gehelp het. Ons gaan volgende Sondag by hulle leer. Sulke vriende beteken geweldig baie en oefen ŉ groot invloed op ŉ mens uit.

Ons weet en verstaan ook dat vriende op sekere tye van jou lewe vir jou meer beteken as jou ouers of familie. Vir ons kinders en jongmense is maats baie belangrik. Wat ons maats dink en doen is vir ons dikwels belangriker as wat ons ouers of familie dink of doen.

Elke mens het ook die behoefte om êrens deel van ŉ groep te wees waar jy aanvaar word en waar jy dieselfde dinge van die lewe met mekaar kan deel. Ons luister na ons vriende se raad, ons kyk wat hulle doen en baie keer kan vriende ons gedagtes en optrede so sterk beïnvloed dat ons lewe in ŉ sekere rigting stuur! Dat ons saam met hulle ŉ sekere pad begin stap.
Natuurlik wil mens glo dat dit ŉ goeie pad sal wees, maar die werklikheid is ook dat vriende mens op ŉ verkeerde pad kan laat loop! Vriende kan jou oortuig om verkeerde dinge te glo en te doen! En ŉ mens volg dit maklik want jy wil nie jou vriende verloor nie! Jy wil deel wees van die groep!

Wanneer ŉ mens nog klein is, is dit makliker want ŉ mens speel saam, doen saam sport en kuier lekker. Hoe groter mens word, hoe moeiliker word dit en hoe meer word mense se waardes en geloof getoets. Dan word dit al hoe belangriker om keuses uit te oefen.

Daarom wil die Here ons vanmore leer oor goeie en slegte vriende en dat ons reg moet kies! Die Here sê vanmore uit Psalm 1 vir ons: Kies vriende wat saam met jou God se pad kan loop! Dan sal jou vriendskap jou regtig gelukkig maak en sal die Here dit positief gebruik in jou lewe!

Ons lees in Spreuke 12:26 die volgende “Die regverdige laat sy pad vir hom wys deur ’n vriend; die goddeloses verdwaal op die pad wat hulle self kies.”

Psalm 1 handel oor twee groepe mense wat saam op die aarde woon en lewe. Hulle word genoem “Regverdiges” en “goddeloses”. Die “regverdiges” is die gelowiges en die “goddeloses” is natuurlik hulle wat nie in God glo nie. Vers 1 noem hulle ook sondaars en spotters of ligsinnige mense.

Wanneer die Here ons as gelowiges “regverdiges” noem beteken dit nie dat ons alles reg doen nie en dat ons in alle opsigte reg leef nie! Dit beteken dat God ons in die regte verhouding met Hom gestel het. Dat God ons deur Jesus sy vriende gemaak het en dat Hy ons op die regte pad van die lewe wil lei. In die Ou Testament het dit verwys na die gelowiges wat God vir hom uit die volk Israel bymekaar gemaak het en vandag verwys dit na almal wat in Jesus Christus glo. Ook ek en jy wat glo dat Jesus ons Here is!

Omdat alle mense – ook ek en jy - sonde doen en eintlik vyande van God is, moes God kom om ons verhouding met Hom regstel! Hy moes kom om ons sy vriende te kom maak! En die enigste manier wat dit kon gebeur is dat iemand vir ons sonde moes betaal sodat God ons nie meer wil straf nie, maar ons sy vriende kan wees! En dit het Jesus vir ons kom doen!
Jesus het aan die kruis vir ons sonde betaal en nou kan ons vriende van God wees! Ons leef nou in die regte verhouding met Hom en omdat die Heilige Gees in ons woon, wil ons ons deur die Here laat lei en ons stap nou die pad wat God wil hê ons moet stap!

Die heel eerste belangrike ding wat die Here jou vanmore wil leer in Psalm 1 vers 1 : liewe kinders, jongmense: jy is regtig gelukkig in die jou lewe as God jou sy vriend gemaak het! Jy behoort aan die Here, Hy is jou vriend, Hy is lief vir jou en Hy wil dat jy die regte lewenspad loop! Wat ŉ wonderlike genade nè? Dink bietjie daaraan: God het ons sy vriende gemaak! Hy is die beste Vriend wat ons ooit kan hê!
Jesus sê in Joh. 5:15 –18: Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want ’n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het. [16]Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou.”

Daarom lees ons in Psalm 1 van die Woord van die Here wat vir regverdige mense – vir ons - baie belangrik is. Die Here gee vir ons die Bybel as sy Woord sodat jy die regte pad kan leer ken! Onthou julle die 10 Gebooie wat ons vanmore gelees het en met prentjies vir julle gewys het? Dit is die pad wat God wil hê julle kinders en jongmense en ons almal moet loop! Dit is lewenspad wat jou regtig gelukkig maak!

En nou: wanneer jy vriende maak, moet hulle saam met jou hierdie pad wil loop! As jou vriende nie ook vriende van die Here is nie, dan gaan daardie vriendskap nie vir jou goed wees nie! Dit sal ook nie regtig kan hou nie!

Wat is dus die tweede belangrikste ding wat die Here ons leer?: Ons vriende moet ook vriende van die Here wees!
Hoekom? Want anders julle gaan nooit regtig dieselfde oor dinge dink en saam die regte dinge wil doen nie! Iemand wat nie die Here ken en in Hom glo nie, dink nie dat God se Woord belangrik is nie en leef nie regtig soos die Here wil nie!

Daarom waarsku die Here in vers 1 teen sulke vriende. Sulke vriend kan jou wegtrek van die Here af! Kyk hoe mooi beskryf die psalm hoe ongemerk kan jou sulke vriende jou van die Here wegtrek.
Kom ons lees dit in die ou Vertaling: “Gelukkig is die mens wat nie wandel in die raad van die goddeloses nie, wat nie staan op die weg van die sondaars nie en nie sit in die kring van die spotters nie” Eers “loop” jy net so saam met hierdie vriende en sien en hoor die verkeerde dinge wat hulle doen en sê! Laat “staan” saam met hulle: jy begin dink dat wat hulle doen nie regtig so verkeerd is nie en oorweeg om ook te doen wat hulle doen. Nog later “sit” jy: dan doen jy dit saam met hulle” Sien jy? So ongemerk neem hulle jou saam op die verkeerde pad!

Nou begin hierdie vriende jou wegtrek van die belangrikste Vriend wat jou regtig gelukkig kan maak en dit is die Here. Dit bring konflik en ongelukkig in jou eie hart, want diep hier binne weet jy dit is verkeerd – maar jy wil nie jou vriende verloor nie! Dit bring konflik met jou familie want hulle sien dat jy op die verkeerde pad gaan en waarsku jou. En dan moet jy hierdie vriendskappe breek en dit is baie sleg en hartseer! En ons almal weet hoe moeilik dit is!

Daarom moet jy mooi kies wie jou regte vriende moet wees! Kies vriende wat saam met jou God se pad kan loop. Wanneer jy maats het wat ook vriende van die Here is, wat ook in die Here Jesus glo, wat ook die Bybel lees en die pad van die Here wil loop, dan word sulke vriendskappe iets ongelooflik mooi en kosbaar! Dan gebruik die Here sulke vriende om jou ook te help om op die pad van die Here te bly!

Want liewe jongmense: daar is ongelukkig net twee soorte mense: gelowiges en ongelowiges. Daar is net twee paaie in die lewe! Dit is die Here se pad en dit is die pad van ware lewensgeluk saam met vriende van die Here – saam met medegelowiges! Dit is ŉ pad wat jou lewe standvastig maak en waarop die Here jou seën dat jy vir Hom baie vrugte kan dra. Dit is die pad wat ook lei na die ewige lewe by God.

Die pad van mense wat nie vriende van die Here is nie, ongelowige mense, bring net hartseer! Hulle mag dalk al die geld in die wêreld hê, al die goed wat ŉ mens se hart kan begeer en kan al die lekker dinge van die lewe doen en bekostig – maar sonder die Here is dit ŉ afdraande pad. Vers 4 sê hulle lewe is soos ligte stokkies wat sommer so deur die wind weggewaai word. Niks hou regtig nie en niks maak hulle gelukkig nie.

So dink bietjie aan jou vriende: wie van hulle is ook vriende van die Here? Hou daardie vriende en stap die Here se pad saam met hulle. As jy vriende het wat nie die Here ken en dien nie: moenie dat hulle jou lewe negatief beïnvloed nie. Vertel hulle van die regte pad, lei hulle om ook vriende van God te wees maar as hulle nie wil – moenie langer met hulle vriende wees nie!

Nie op ’n lelike manier nie, ’n mens getuig van jou geloof en jy probeer om mense saam met jou te neem, maar as dit nie gebeur nie, moet ’n mens hulle vermy!

Onthou: God het jou sy vriend gemaak en Hy is die belangrikste Vriend om te hê! Hy het jou op die enigste regte pad van die lewe geplaas! Wees vriende met Sy vriende en loop saam met hulle die Here se pad – dan sal jy regtig gelukkig wees!

Amen